Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

2023

# Studentegelde

## Studiegelde en ander onkoste vir studente; Reëls

**Jaarboek, Deel 3**

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

## Akkuraatheid, aanspreeklikheid en veranderings

- Die Universiteit Stellenbosch het alle redelike stappe geneem om te verseker dat die inligting in die Jaarboekdele so akkuraat en volledig as moontlik aangebied word.
- Neem egter kennis dat die Universiteit se Raad en Senaat geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige foutiewe inligting in die Jaarboekdele se inhoud nie.
- Die Universiteit behou die reg voor om enige tyd inligting in die Jaarboekdele te verander indien nodig.

## Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Maak seker jy verstaan alle bepalings in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die Fakulteitsjaarboekdele.

| Deel | Jaarboekdeel |
|---|---|
| Deel 1 | Algemeen |
| Deel 2 | Beurse en Lenings |
| Deel 3 | Studentegelde |
| Deel 4 | Lettere en Sosiale Wetenskappe |
| Deel 5 | Natuurwetenskappe |
| Deel 6 | Opvoedkunde |
| Deel 7 | AgriWetenskappe |
| Deel 8 | Regsgeleerdheid |
| Deel 9 | Teologie |
| Deel 10 | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Deel 11 | Ingenieurswese |
| Deel 12 | Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |
| Deel 13 | Krygskunde |

## Beskikbaarheid van die Jaarboekdele

- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by www.sun.ac.za/Jaarboek.
- Dele 1 tot 12 is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar. Krygskunde (Deel 13) verskyn slegs in Engels.

# INHOUDSOPGAWE


1. Inligting vir alle studente ........ 1
1.1 Kontak ons ........ 1
1.1.1 Amptelike adresse van die Universiteit Stellenbosch ........ 1
1.1.2 Universiteit Stellenbosch Kontak- en Kliëntedienssentrum ........ 1
1.1.3 Afdeling Studentegelde op Stellenboschkampus ........ 1
1.1.4 Afdeling Studentegelde op Tygerbergkampus ........ 1
1.1.5 Afdeling Studentegelde op Bellvilleparkkampus ........ 1

2. Beraamde studiegelde vir voorgraadse en nagraadse programme ........ 3
2.1 Beraamde studiegeld per fakulteit ........ 3
2.1.1 AgriWetenskappe ........ 3
2.1.2 Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ........ 4
2.1.3 Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe ........ 5
2.1.4 Ingenieurswese ........ 6
2.1.5 Lettere en Sosiale Wetenskappe ........ 10
2.1.6 Natuurwetenskappe ........ 11
2.1.7 Opvoedkunde ........ 12
2.1.8 Regsgeleerdheid ........ 13
2.1.9 Teologie ........ 14
2.2 Voortgesette registrasie vir volle studietydperk ........ 14

3. Inwoning ........ 15
3.1 Verpligte eerste paaiement (aanvaardingsbedrag vir voornemende studente) van inwoningsgeld ........ 15
3.2 Inwoningsgeld volgens soort universiteitsverblyf ........ 15
3.3 Inwoning vóór die aanvang van die akademiese jaar ........ 16
3.4 Inwoning tydens die vakansies in Maart- en September ........ 17
3.5 Koshuisgeld (Huisgelde) ........ 17
3.6 Etekwota ........ 17
3.6.1 Deposito vir etepakkette ........ 17
3.6.2 PSO-studente: ete-opsies ........ 17
3.7 Waskwota ........ 17
3.8 Aanspreeklikheid vir skade aan universiteitsverblyf ........ 17

4. Studentegelderekening ........ 18
4.1 Betaalwyses ........ 18
4.1.1 Betaling agt paaiemente ........ 18
4.1.2 Debietorderstelsel ........ 18
4.2 Agterstallige studentegelderekeninge ........ 19
4.2.1 Agterstallige gelde ........ 19
4.2.2 Rente ........ 19
4.2.3 Heraktivering van studentekaarte ........ 19
4.3 Betaalmetodes ........ 20
4.3.1 Persoonlik by die kassiere ........ 20
4.3.2 Aanlyn betalings ........ 20

4.3.3 SnapScan ..... 20
4.4 Toegang tot studentegelderekeninge ..... 20
4.5 Terugbetaling van kredietbalanse op studentegelderekeninge ..... 20

5. Finansiële ondersteuning ..... 22
5.1 Beurse, lenings, pryse en stipendia ..... 22
5.2 Korting ..... 22
5.2.1 Korting vir vroeë betaling van studiegeld ..... 22
5.2.2 Korting op onderriggeld vir persone uit dieselfde gesin ..... 22

6. Akademiese uitgawes (studentegelde) ..... 23
6.1 Aansoekgeld (alle programme) ..... 23
6.2 Studiegeld ..... 23
6.2.1 Registrasiedatums ..... 23
6.2.2 Laat registrasie ..... 23
6.2.3 Heffing van studiegeld vir alle studente ..... 23
6.2.3.1 Gelde per module (voorgraadse, nagraadse en spesiale studente) ..... 23
6.3 Studentekaart ..... 24
6.3.1 Deposito vir drukwerk ..... 24
6.4 Studieverwante uitgawes: modulekoste en programkoste ..... 24
6.5 Ledegeld vir nie-akademiese geregistreerde studenteverenigings ..... 24
6.6 PSO-ledegeld ..... 25
6.7 Parkeerheffing ..... 25
6.8 Registrasie vir verbetering van punte ..... 25
6.9 Dekaansvergunningsassesserings ..... 25
6.10 Herhaling van programme of modules ..... 25
6.11 Hertoelating ná onsuksesvolle studie ..... 25
6.12 Studierekords en duplikaatsertifikate ..... 25
6.13 Skorsing (verbeuring van betaalde gelde) ..... 26
6.14 Raadsafskrywing van skuld ..... 26

7. Staking en/of kansellasie ..... 27
7.1 Staking van studie ..... 27
7.2 Staking van studie – USB-programkoste ..... 27
7.3 Kansellasie van Universiteitsverblyf ..... 27
7.3.1 Prosedures en reëlings vir die kansellasie van koshuisverblyf (voornemende studente) ..... 27
7.3.2 Prosedures en reëlings van toepassing op die kansellasie of opsegging van koshuisverblyf (huidige studente) ..... 28
7.3.2.1 Kansellasie van koshuisverblyf in die voorafgaande jaar ..... 28
7.3.2.2 Kansellasie nadat die akademiese jaar begin het ..... 28

8. Internasionale studente – inligting oor gelde vir 2023 ..... 29
8.1 Minimum verpligte aanvangsbedrag vir internasionale studente ..... 29
8.2 Verpligte eerste paaiemente van inwoningsgeld en etekwotas ..... 30
8.3 Internasionale studente met permanenteverblyfreg in SA, sowel as vlugtelinge ..... 30
8.4 Algemene inligting ..... 31
8.4.1 Vorme van studie ..... 31

8.4.2 Klassifikasie van gelde ........ 31
8.4.3 IRF-bedrae vir residensiële internasionale studente in graadprogramme ........ 31
8.4.4 Nie-residensiële internasionale studente in graadprogramme ........ 31
8.4.5 Akademiesediensgelde (beraamd) ........ 31
**8.5 Beursstudente ........ 31**
**8.6 Algemene kommentaar ........ 32**
**9. Studentegelde-almanak 2023 ........ 33**

# 1. Inligting vir alle studente

## 1.1 Kontak ons

### 1.1.1 Amptelike adresse van die Universiteit Stellenbosch

Rig asseblief korrespondensie oor akademiese aangeleenthede, d.w.s. studie-aangeleenthede soos beurse en lenings, asook koshuisplasings, aan:

Die Registrateur
Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak X1
MATIELAND
7602

Rig asseblief korrespondensie in verband met finansiële en dienste-aangeleenthede, diensaspekte van koshuise ingesluit, aan:

Die Hoofdirekteur: Finansies
Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak X1
MATIELAND
7602

Webtuiste van die Universiteit Stellenbosch: www.sun.ac.za

### 1.1.2 Universiteit Stellenbosch Kontak- en Kliëntedienssentrum

| | |
|---|---|
| Telefoonnommer: | 021 808 9111 |
| Faksnommer: | 021 808 2954 |
| E-posadres: | info@sun.ac.za |

### 1.1.3 Afdeling Studentegelde op Stellenboschkampus

| | |
|---|---|
| Kantoorure vir navrae: | Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30 |
| Kantoorure vir betaling by kassiere: | Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30 |
| Telefoonnommer: | 021 808 2543/4913 |
| E-posadres (studentegelde): | studentegelde@sun.ac.za |
| E-posadres (studentelenings): | studentelenings@sun.ac.za |

### 1.1.4 Afdeling Studentegelde op Tygerbergkampus

| Administratiewe Kantoor (studentegeldenavrae) | |
|---|---|
| Me L Matthee | 021 938 9208 |
| Mnr A Hartzenburg | 021 938 9080 |

| | |
|---|---|
| Kantoorure vir navrae: | Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30 |
| Kantoorure vir betaling by kassiere: | Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30 |

### 1.1.5 Afdeling Studentegelde op Bellvilleparkkampus

| Administratiewe Kantoor | | |
|---|---|---|
| Me M Groenewald<br>Mnr M Mbebe | 021 918 4114<br>021 918 4293 | MBA |
| Me R Moore | 021 918 4400 | MPA |
| Me E Sonnenberg | 021 918 4254 | MPhil (Ontwikkelingsfinansies) en MBA, hibridiese leer |
| Me C Lategan-Kriel | 021 918 4257 | MPhil (Bestuursafrigting) en MBA, volkontakleer (van aangesig tot aangesig) |

| Administratiewe Kantoor | | |
|---|---|---|
| Me M Koopman | 021 918 4269 | NGDip (Finansiële Beplanning) en PhD (Ontwikkelingsfinansies) |
| Me A Appolis | 021 918 4205 | PhD en NGDip (Projekbestuur) |
| Me M van Tonder | 021 918 4378 | NGDip (Projekbestuur) |
| Me O Mesias | 021 918 4150 | NGDip (Projekbestuur) en NGDip (Leierskapontwikkeling) |
| Me M de Villiers-Kleinhans | 021 918 4150 | MPhil (Toekomsstudies) en NGDip (Toekomsstudies) |
| Me M Samuels | 021 918 4206 | NGDip (Ontwikkelingsfinansies) en NGDip (Toekomsstudies) |

Kantoorure vir navrae: Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30

Kantoorure vir betaling by kassiere: Maandae tot Vrydae, 08:30 tot 12:45 en 13:45 tot 15:30

# 2. Beraamde studiegelde vir voorgraadse en nagraadse programme

## 2.1 Beraamde studiegeld per fakulteit

### 2.1.1 AGRIWETENSKAPPE

#### a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www.maties.com; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| BScVoedselwet | R60 142 | BScBosbHoutwet | R53 399 |
| BScAgric | R54 691 | BScAgric (Wingerd- en Wynkunde) | R60 305 |

#### b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- In die tabel hier onder word die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld, weergegee.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html.

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Nagraadse Diplomaprogramme** | | | |
| NGDip (Agronomie) | R55 382 | | |
| **Honneursprogramme** | | | |
| HonsBSc | R55 382 | | |
| **Magisterprogramme** | | | |
| MScAgric<br>Alle jare van inskrywing, per jaar | R20 207 | MScVoedselwet<br>Alle jare van inskrywing, per jaar | R20 207 |
| MAgricAdmin<br>Alle jare van inskrywing, per jaar | R20 207 | MScBewEkol<br>Alle jare van inskrywing, per jaar | R20 207 |
| MScBosbou- en Houtwetenskappe<br>Alle jare van inskrywing, per jaar | R20 207 | MSc<br>Alle jare van inskrywing, per jaar | R20 207 |
| **Doktorsprogramme** | | | |
| PhD (Agric); PhD (Bosb);<br>PhD **(voltyds)**<br>Alle jare van inskrywing, per jaar | R20 207 | PhD (Agric) **(deeltyds)**<br>Alle jare van inskrywing, per jaar | R12 210 |
| DSc<br>Alle jare van inskrywing, per jaar | R20 207 | | |

## 2.1.2 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

### a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www.maties.com; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

| Program | Beraamde bedrag vir eerste jaar van studie | Beraamde totaal indien program in minimum tydperk voltooi word (bereken met beraamde bedrae van toepassing in 2023) |
|---|---|---|
| BCom (Bestuurswetenskappe), (Ekonomiese Wetenskappe), (Wiskundige Wetenskappe), (Bestuursrekeningkunde), (Finansiële Rekeningkunde) | R53 380 | R157 567 |
| BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengde Graadprogram | R39 392 | R181 544 |
| BRek, BCom (Bedryfsielkunde) | R59 087 | R175 550 |
| BCom (Aktuariële Wetenskap) | R71 926 | R222 719 |
| BCom (Datawetenskap) | R53 618 | R220 868 |
| BCom (Regsgeleerdheid) | R64 706 | R187 463 |
| BRekLLB | R72 413 | R368 872 |
| BCom (Internasionale Besigheid) | R51 380 | R242 145 |
| VGDip (Volhoubare Ontwikkeling) | R57 670 | R173 009 |
| VGDip (Publieke Verantwoordbaarheid) | R50 427 | R86 556 |
| Gevorderde Dip (Volhoubare Ontwikkeling) | R48 217 | - |
| Gevorderde Dip (Publieke Verantwoordbaarheid) | R50 426 | - |

### b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder toon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Verwys na die webblad van die Stellenbosch Besigheidskool om die fooie van die Besigheidskool se graadprogramme te bekom.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html.

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Nagraadse Diplomaprogramme in:** | | | |
| Bemarking, Rekeningkunde, Vervoer en Logistiek | R52 486 | Aktuariële Wetenskap | R57 886 |
| Omgewingsbestuur | R44 610 | MIV/Vigsbestuur | R38 035 |
| Strategiese Menslikehulpbronbestuur | R54 886 | Volhoubare Ontwikkeling | R59 840 |
| Publieke Finansiële Bestuur | R59 664 | | |
| **Honneursprogramme** | | | |
| HonsBCom | R52 486 | HonsBRek | R65 607 |
| HonsBCom (Publieke en Ontwikkelingsbestuur) / HonsBPubAdmin | R59 545 | | |

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Magisterprogramme**<br>Neem kennis van die algemene reël dat as jy vir die tweede jaar van 'n voltesisprogram inskryf, of vir 'n tweede keer vir jou navorsingswerkstuk-module in 'n gestruktureerde magisterprogram, die fooi slegs een-derde van die klasgeld (plus inflasie), relatief tot die eerstejaarregistrasie, beloop. Indien jy vir die derde agtereenvolgende jaar vir hierdie program of module inskryf, sal die volle gelde (plus inflasie) soos vir die eerste jaar, betaalbaar wees. | | | |
| MCom (voltesisopsie)<br>Eerste jaar van inskrywing | R36 917 | MCom (doseeropsie) (kan wissel na gelang van werkstukkrediete) | R49 597 |
| MCom (Publieke en Ontwikkelings-bestuur)/ MPubAdmin (MPA) (voltesisopsie) | R48 308 | MCom (Publieke en Ontwikkelings-bestuur)/ MPubAdmin (MPA) (doseeropsie) | R54 256 |
| MPhil (MIV/Vigsbestuur) | R42 064 | MPhil (Volhoubare Ontwikkeling) | R54 531 |
| **Doktorsprogramme**<br>Die onderstaande is van toepassing op doktorale studente met eerste registrasie in 2018 of daarna. Die fooi hieronder word jaarliks met inflasie aangepas. | | | |
| PhD (algemeen) | R26 587 per jaar van registrasie totdat die program voltooi is | | |
| PhD (aan die SPL) | R26 587 per jaar van registrasie totdat die program voltooi is | | |

## 2.1.3 GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

### a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www.maties.com; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| MBChB I | R85 223 | MBChB II | R82 971 |
| MBChB III | R82 968 | MBChB IV | R82 968 |
| MBChB V | R82 968 | MBChB VI | R80 181 |
| BSpraak-Taal en Gehoor | R63 608 | BArb | R68 788 |
| BscFisio | R66 275 | BScDieetk | R59 836 |

### b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html.

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Honneursprogramme** | | | |
| HonsBSc | R41 061 | HonsBSc (Sportwetenskap)<br>Alle jare van inskrywing, per jaar. | R53 623 |
| **Magisterprogramme** | | | |
| MSc (gestruktureerd)<br>Eerste jaar van inskrywing | R18 480 | MSc (gestruktureerd)<br>Tweede jaar van inskrywing | R36 933 |
| MSc (tesisopsie)<br>Eerste jaar van inskrywing | R40 846 | MSc (tesisopsie)<br>Tweede en derde jaar van inskrywing, per jaar | R8 139 |

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| MSc (tesisopsie)<br>Vierde jaar en verdere inskrywing, per jaar | R16 276 | | |
| MSc in Sportwetenskap<br>Eerste jaar van inskrywing | R45 112 | MSc (Sportwetenskap)<br>Tweede jaar en derde jaar van inskrywing, per jaar | R9 324 |
| MPhil (uitgesluit Gemeenskaps-geestesgesondheid)<br>Eerste jaar van inskrywing | R21 189 | MPhil (uitgesluit Gemeenskaps-geestesgesondheid)<br>Tweede jaar van inskrywing | R16 001 |
| MPhil (uitgesluit Gemeen-skapsgeestesgesondheid)<br>Derde jaar van inskrywing | R9 264 | MPhil (uitgesluit Gemeenskaps-geestesgesondheid)<br>Vierde jaar en verdere inskrywings, per jaar | R19 728 |
| MPhil (tesisopsie)<br>Eerste jaar van inskrywing | R40 845 | MPhil (tesisopsie)<br>Tweede en derde jaar van inskrywing (per jaar) | R8 139 |
| MPhil (tesisopsie)<br>Vierde tot sesde jaar van inskrywing, per jaar | R16 276 | | |
| MMed (vier- en vyfjarige opsies)<br>Eerste en tweede jaar van inskrywing, per jaar | R26 047 | MMed (vier- en vyfjarige opsies)<br>Derde en verdere jaar van inskrywing | R8 468 |
| **Doktorsprogramme** | | | |
| DSc; PhD; DScGeneeskWet<br>Eerste jaar van inskrywing | R38 458 | DSc; PhD; DScGeneeskWet<br>Tweede en verdere inskrywings per jaar | R19 539 |

## 2.1.4 INGENIEURSWESE

### a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www.maties.com; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

| Program | Bedrag |
|---|---|
| BIng – alle 4-jarige programme | R75 150 |

## b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html.

| Vaste onderriggelde | Bedrag | Plus | Veranderlike onderriggelde | Bedrag |
|---|---|---|---|---|
| **Nagraadsediplomaprogramme in Ingenieurswese<br>Nagraadsediplomaprogramme in Ingenieurswetenskappe** | | | | |
| **NGDipIng (120 krediete) (voltyds) / NGDipIngWet (120 krediete) (voltyds)** | | | | |
| Na die **tweede** jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen. | | | | |
| Vaste onderriggeld vir die eerste twee jare van inskrywings, per jaar | R33 829 | plus | Veranderlike onderriggeld<br>Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| Vaste onderriggeld vir die derde en vierde jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar | R37 212 | plus | Veranderlike onderriggeld<br>Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| Vaste onderriggeld vir die vyfde jaar van inskrywings, indien toegelaat, per jaar | R40 932 | plus | Veranderlike onderriggeld<br>Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| Vaste onderriggeld vir die sesde en verdere jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar | R45 025 | plus | Veranderlike onderriggeld<br>Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| **NGDipIng (120 krediete (deeltyds) / NGDipIngWet (120 krediete) (deeltyds)** | | | | |
| Na die **derde** jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen. | | | | |
| Vaste onderriggeld vir die eerste drie jare van inskrywings, per jaar | R33 829 | plus | Veranderlike onderriggeld<br>Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| Vaste onderriggeld vir die vierde jaar van inskrywings, indien toegelaat | R37 212 | plus | Veranderlike onderriggeld<br>Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| Vaste onderriggeld vir die vyfde jaar van inskrywings, indien toegelaat | R40 932 | plus | Veranderlike onderriggeld<br>Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| Vaste onderriggeld vir die sesde en verdere jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar | R45 025 | plus | Veranderlike onderriggeld<br>Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |

| Vaste onderriggelde | Bedrag | Plus | Veranderlike onderriggelde | Bedrag |
|---|---|---|---|---|
| **Magisterprogramme in Ingenieurswese (Gestruktureerd)<br>Magisterprogramme in Ingenieurswetenskappe (Gestruktureerd)<br>(uitgesluit die Ingenieurswesebestuurprogram wat in hibridiese formaat gelewer word)** | | | | |
| **MIng (180 krediete) (voltyds) / MIngWet (180 krediete) (voltyds)** | | | | |
| Na die **tweede** jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen. | | | | |
| Vaste onderriggeld vir die eerste twee jare van inskrywings, per jaar | R33 829 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R 387 |
| Vaste onderriggeld vir die derde en verdere jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar | R45 669 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| **MIng (180 krediete) (deeltyds) / MIngWet (180 krediete) (deeltyds)** | | | | |
| **Na die derde jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen** | | | | |
| Vaste onderriggeld vir die eerste jaar van inskrywing | R33 829 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| Vaste onderriggeld vir die tweede en derde jare van inskrywings, per jaar | R16 915 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| Vaste onderriggeld vir die vierde jaar van inskrywing, indien toegelaat | R33 829 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| Vaste onderriggeld vir die vyfde en verdere jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar | R45 669 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R387 |
| **Magisterprogram in Ingenieursbestuur (Gestruktureerd)<br>(in hibridiese formaat aangebied)** | | | | |
| **MIng (Ingenieursbestuur) (180 krediete)**<br>Na die derde jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen | | | | |
| Vaste onderriggeld vir die eerste jaar van inskrywing | R38 449 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R375 |
| Vaste onderriggeld vir die tweede jaar van inskrywing | R27 382 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R375 |

| Vaste onderriggelde | Bedrag | Plus | Veranderlike onderriggelde | Bedrag |
|---|---|---|---|---|
| Vaste onderriggeld vir die derde jaar van inskrywing | R11 068 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per Ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R375 |
| Vaste onderriggeld vir die vierde jaar van inskrywing, indien toegelaat | R44 092 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R375 |
| Vaste onderriggeld vir die vyfde en verdere jare van inskrywings, indien toegelaat, per jaar | R49 384 | plus | Veranderlike onderriggeld Koste volgens kredietlading per ingenieurswesefakulteitmodule waarvoor in dié jaar ingeskryf is (R / krediet) | R375 |

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Magisterprogramme in Ingenieurswese (Tesis)<br>Magisterprogramme in Ingenieurswetenskappe (Tesis)** | | | |
| MIng (180 krediete) **(voltyds)** / MIngWet (180 krediete) **(voltyds)**<br>Na die **derde** jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen. | | | |
| Eerste twee jare van registrasie, per jaar | R33 829 | Derde jaar van registrasie | R37 212 |
| Vierde jaar van registrasie, indien toegelaat | R40 932 | Vyfde en verdere jare van registrasie, indien toegelaat, per jaar | R45 025 |
| MIng (180 krediete) **(deeltyds)** / MIngWet (180 krediete) **(deeltyds)**<br>Na die **vyfde** jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen | | | |
| Eerste jaar van registrasie | R33 829 | Tweede, derde en vierde jare van registrasie, per jaar | R18 229 |
| Vyfde jaar van registrasie, indien toegelaat | R20 052 | Sesde en verdere jare van registrasie, indien toegelaat, per jaar | R33 829 |
| **Doktorsprogramme in Ingenieurswese** | | | |
| PhD (Ing) (360 krediete) **(voltyds)** / Ing (360 krediete) **(voltyds)**<br>Na die **vierde** jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen. | | | |
| Eerste drie jare van registrasie, per jaar | R30 939 | Vierde jaar van registrasie | R34 032 |
| Vyfde en verdere jare van registrasie, indien toegelaat, per jaar | R37 435 | | |
| PhD (Ing) (360 krediete) **(deeltyds)** / DIng (360 krediete) **(deeltyds)**<br>Na die **sewende** jaar van registrasie moet studente opnuut aansoek om toelating tot die program doen | | | |
| Eerste jaar van registrasie | R30 939 | Tweede, derde en vierde jare van registrasie, per jaar | R16 784 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vyfde jaar van registrasie | R18 462 | Sesde jaar van registrasie | R20 308 |
| Sewende jaar van registrasie | R22 338 | Agste en verdere jare van registrasie, indien toegelaat, per jaar | R30 939 |

## 2.1.5 LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

### a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www.maties.com; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| BA | R49 773 | BMus | R54 828 |
| BA (Regsgeleerdheid) | R57 180 | BA (VK) | R50 801 |
| BA (Drama- en Teaterstudie) | R49 958 | BMaatsk Werk | R51 448 |

### b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html.

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Nagraadse Diplomaprogramme** | | | |
| NGDip (Toegepaste Etiek) | R47 118 | NGDip (Musiektegnologie) | R35 144 |
| **Honneursprogramme** | | | |
| HonsBA (English Studies) | R46 905 | HonsBA (Drama- en Teaterstudie) | R56 074 |
| HonsBA (Antieke Tale) | R46 902 | HonsBA (Afrikaans en Nederlands) | R46 917 |
| HonsBA (Politieke Wetenskap) | R46 937 | HonsBA (Sielkunde) | R38 860 |
| HonsBA (Joernalistiek) | R57 273 | HonsBA (Geografie en Omgewingstudie) | R54 003 |
| HonsBA (Vertaling) | R48 907 | | |
| HonsBA (Afrikatale) **(deeltyds)**<br>Eerste jaar van inskrywing | R12 540 | HonsBA (Afrikatale) **(deeltyds)**<br>Tweede jaar van inskrywing | R14 965 |
| **Magisterprogramme**<br>Die beraamde gelde vir 180-krediet-tesisopsies word hier onder uiteengesit. Die huidige fooistruktuur geld vir nuwe inskrywings sedert 2019.<br>Besoek bogenoemde webadres om 'n kwotasie vir die koste van gestruktureerde opsies op te stel. | | | |
| MA<br>Alle jare van inskrywing | R25 885 | MMaatsk Werk<br>Alle jare van inskrywing | R26 255 |
| MA (VK)<br>Alle jare van inskrywing | R25 885 | MMus<br>Alle jare van inskrywing | R36 500 |
| MA (Geografie en Omgewingstudie)<br>Alle jare van inskrywing, per jaar | R27 017 | | |

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Doktorsprogramme** | | | |
| Die volgende geld vir **alle nuwe inskrywings vanaf 2023** vir doktorale programme:<br>Daar is 'n nuwe geldestruktuur vir eerste inskrywings: dieselfde bedrag per jaar (met die jaarlikse verhoging) vir alle jare van die aantal toegelate studiejare. | | Die **voortsettingsgelde vir doktorale programme** word hier onder uiteengesit. Dit geld slegs vir tweede en verdere inskrywings, waarvoor die eerste inskrywing dus in 2022 of vroeër gedoen is. | |
| PhD<br>Alle jare van inskrywing, vanaf eerste inskrywing in 2023. | R19 357 | PhD<br>Tweede jaar van inskrywing in 2023 | R25 521 |
| | | PhD<br>Derde jaar en verdere inskrywing in 2023 | R7 028 |

## 2.1.6 NATUURWETENSKAPPE

### a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www.maties.com; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

| Program | Bedrag |
|---|---|
| BSc | R63 470 |

### b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html.
- **Let wel:** Hierdie studiegelde is hoofsaaklik vir programme wat in die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word.
- Om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel vir die studiegelde van HonsBSc-, MSc-, PhD- en DSc-programme met hoofrigtings wat in ander fakulteite aangebied word, insluitende Geografie en Omgewingstudie B (en verwante rigtings) en Geoinformatika, besoek die webadres http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html. Die lys programme hier bo vermeld, asook in die tabel hier onder, is nie noodwendig volledig nie.

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Honneursprogramme** | | | |
| HonsBSc (120 krediete) | R52 800 | HonsBSc (128 krediete) | R56 320 |
| **Magisterprogramme (Navorsing)** | | | |
| Ná drie jaar se **MSc-studie** moet jy opnuut aansoek doen om jou studies te mag voortsit. | | | |
| MSc **(voltyds)**<br>Alle jare van inskrywing | R20 208 | | |
| **MSc Geoinformatika; MSc Geografie en Omgewingstudie B:** | | | |
| Die huidige fooistruktuur vir die 180-krediet-tesis geld vir nuwe inskrywings sedert 2019. | | | |
| MSc **(voltyds)** in bogenoemde studierigtings<br>Alle jare van inskrywing | R25 885 | | |

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Magisterprogramme (Gestruktureerd)** | | | |
| MSc in Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie<br>Eerste jaar van inskrywing | R49 544 | MSc in Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie<br>Tweede jaar van inskrywing | R49 544 |
| **Doktorsprogramme** | | | |
| Ná vier jaar se **PhD-studie** moet jy opnuut aansoek doen om jou studies te mag voortsit. | | | |
| PhD<br>Alle jare van inskrywing | R20 208 | | |
| Ná twee jaar v**oltydse of deeltydse DSc-studies** moet jy opnuut aansoek doen om jou studies te mag voortsit. | | | |
| DSc **(voltyds of deeltyds)**<br>Eerste jaar van inskrywing | R32 105 | DSc **(voltyds of deeltyds)**<br>Tweede jaar van inskrywing | R6 421 |

## 2.1.7 OPVOEDKUNDE

### a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www.maties.com; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

| Program | Bedrag |
|---|---|
| BEd (Intermediêre Fase) | R52 365 |
| BEd (Grondslagfase) | R52 344 |

### b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html.

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Nagraadse Diploma- en Sertifikaatprogramme** | | | |
| NGDip in Hoër Onderwys (Onderrig en Leer)<br>Eerste jaar van inskrywing | R30 744 | NGDip in Hoër Onderwys (Onderrig en Leer)<br>Tweede jaar van inskrywing | R10 247 |
| Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS)<br>Eerste jaar van inskrywing | R43 999 | | |
| **Honneursprogramme** | | | |
| **HonsBEd** | R56 494 | | |
| **Magisterprogramme**<br>Die volgende geld vir **alle nuwe inskrywings vanaf 2019** vir die 180-krediet-tesisopsie, en vir programme met navorsingsmodules met 'n kredietwaarde van <180:<br>Daar is 'n nuwe geldestruktuur vir eerste inskrywings, met dieselfde bedrag per jaar (met die jaarlikse verhoging) vir alle jare van die aantal toegelate studiejare.<br>Die gemiddelde gelde vir 180-krediet-tesisopsies (navorsing) en vir die gestruktureerde programme MPhil, MEd en MEdPsig word hier onder uiteengesit. | | | |
| MEd (tesis)<br>Alle jare van inskrywing, per jaar, vanaf eerste inskrywing in 2019 | R26 150 | Gestruktureerde programme: MEd, MPhil en MEdPsig<br>Alle jare van inskrywing, per jaar, vanaf eerste inskrywing in 2019 | R26 150 |

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Doktorsprogramme** | | | |
| PhD<br>Eerste twee jaar van inskrywing, per jaar | R31 930 | PhD<br>Derde jaar en verdere inskrywing, per jaar | R7 028 |

## 2.1.8 REGSGELEERDHEID

### a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www.maties.com; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| LLB (voorgraads)<br>Vierjarige program | R52 513 | LLB (nagraads) (drie jaar), as tweede B-graad<br>Eerste jaar van inskrywing | R66 345 |

### b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html.

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Nagraadse Diplomaprogramme** | | | |
| NGDip (Belastingreg)<br>Eerste jaar van inskrywing | R20 845 | NGDip (Belastingreg)<br>Tweede jaar van inskrywing | R20 845 |
| NGDip (Intellektuele Goedererereg) | R42 182 | NGDip (Staatsverkrygingsbeleid en -regulering) | R42 787 |
| **Magisterprogramme** | | | |
| LLM (tesis)<br>Eerste jaar van inskrywing | R35 544 | LLM (tesis)<br>Tweede jaar en verdere inskrywing, per jaar | R9 324 |
| LLM (Privaatreg, Handelsreg, Publiekreg) (gestruktureerd) (180 krediete)<br>Eerste registrasie vanaf 2012<br>Eerste jaar van inskrywing | R72 295 | LLM (Internasionale Handelsreg) (gestruktureerd) (180 krediete)<br>Eerste registrasie vanaf 2012<br>Eerste jaar van inskrywing | R72 989 |
| LLM (Arbeidsreg) (gestruktureerd) (180 krediete)<br>Eerste jaar van inskrywing | R70 064 | LLM (Alternatiewe Geskilbeslegting)<br>Eerste jaar van inskrywing | R92 894 |
| LLM (Staatsverkrygingsbeleid en -regulering) | R70 092 | | |
| **Doktorsprogramme** | | | |
| LLD<br>Eerste jaar van inskrywing | R28 655 | LLD<br>Tweede jaar van inskrywing | R26 379 |
| LLD<br>Derde jaar van inskrywing | R7 028 | LLD<br>Vierde jaar van inskrywing | R15 722 |
| LLD<br>Vyfde jaar van inskrywing | R17 294 | LLD<br>Sesde jaar van inskrywing | R19 025 |

### 2.1.9 TEOLOGIE

#### a) Beraamde studiegeld per voorgraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per voorgraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www.maties.com; klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)".

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| BTh | R52 482 | BDiv | R59 206 |
| BTh Deeltyds | R36 830 | BTh Verlengde Kurrikulumprogram | R40 114 |

#### b) Beraamde studiegeld per nagraadse program

- Die tabel hier onder vertoon die beraamde studiegeld per nagraadse program vir 2023 vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.
- Jy kan die volgende webadres besoek om 'n meer spesifieke en volledige kwotasie saam te stel: http://www0.sun.ac.za/pgstudies/fees.html.

| Program | Bedrag | Program | Bedrag |
|---|---|---|---|
| **Nagraadse Diplomaprogramme** | | | |
| NGDip (Teologie)<br>Eerste jaar van inskrywing | R36 936 | NGDip (Teologie)<br>Tweede jaar en verdere inskrywing, per jaar | R9 324 |
| **Magisterprogramme** | | | |
| MTh | R38 875 | MDiv | R41 962 |
| **Doktorsprogramme** | | | |
| PhD<br>Eerste twee jaar van inskrywing, per jaar | R23 527 | PhD<br>Derde jaar en verdere inskrywing, per jaar | R14 116 |

## 2.2 Voortgesette registrasie vir volle studietydperk

- Alle nagraadse studente (honneurs-, magister-, doktorale, nagraadsediploma- en sertifikaat-studente) moet elke jaar, vir die volle tydperk van hulle studies, as student registreer. Daar is 'n volledige omskrywing in die hoofstuk "Nagraadse Kwalifikasies" in Deel 1 van die Jaarboek.
- As jy 'n nagraadse student is en versuim om voor die voorgeskrewe datum in 'n betrokke jaar te registreer, verval jou registrasie vir die betrokke program en, as jy 'n M- of D-student is, ook die onderwerp van jou tesis of proefskrif.
- As jy dan weer tot die betrokke sertifikaat-, diploma- of graadprogram toegelaat wil word, moet jy skriftelik om toelating tot die betrokke program aansoek doen, van nuuts af daarvoor registreer en die vereisde studiegeld van voor af betaal.
- As jy 'n magister- of doktorale program gevolg het, kan registrasie vir die program normaalweg voortgaan mits:
  - jy die nodige toestemming verkry het; en
  - al jou programgelde vir die jaar of jare van nieregistrasie opbetaal is; tensy betaling vir die jare van nieregistrasie finansieel nadeliger vir jou sal wees as registrasie van nuuts af – dan sal die Universiteit dit oorweeg om jou asof van nuuts af te laat registreer.
- As die gelde vir die jaar of jare van onderbreking opbetaal word, word jy nie terugwerkend geregistreer nie. 'n Kwotasie wat op die webtuiste saamgestel word, sal ook nie die volledige gelde betaalbaar met hertoelating weerspieël nie. Doen by studentegelde@sun.ac.za navraag vir 'n beraming van die verskuldigde bedrag.

# 3. Inwoning

## 3.1 Verpligte eerste paaiement (aanvaardingsbedrag vir voornemende studente) van inwoningsgeld

- Die bedrag van R16 400 is ten volle betaalbaar deur alle studente aan wie 'n plek in Universiteitsverblyf toegeken is.
- Die eerste keer dat 'n plek in Universiteitsverblyf aan jou toegeken word, word jy in die voorafgaande jaar skriftelik daarvan in kennis gestel en versoek om, as aanduiding dat jy die toegekende plek aanvaar, die bewys van betaling van die aanvaardingsbedrag (die verpligte eerste paaiement van inwoningsgeld) aan die Universiteit te stuur. Deur die aanvaardingsbedrag te betaal, aanvaar jy die voorwaardes en bepalings in verband met koshuisverblyf.
- As jy heraansoek om plasing in Universiteitsverblyf gedoen het en dit word goedgekeur, moet jy die verpligte eerste paaiement vir inwoning vir die betrokke jaar voor of op die registrasiedatum betaal. Jy kan hierdie verpligte eerste paaiement van inwoningsgeld en dié vir studiegeld as 'n gesamentlike bedrag inbetaal.

## 3.2 Inwoningsgeld volgens soort Universiteitsverblyf

- Alle bedrae word in rand verskaf en is betaalbaar per persoon.
- Tensy anders vermeld, word die bedrae per huidige akademiese jaar aangedui, nie per maand nie, en sluit dit die verpligte eerste paaiement in.
- Die koste van etes en van koshuisgeld (huisgelde) is nie by hierdie bedrae ingesluit nie, tensy so vermeld.

### Stellenboschkampus

| | Enkelkamer (R) | Dubbelkamer (R) |
|---|---|---|
| **Manskoshuise (voorgraads)** | | |
| Dagbreek | 62 550 | 51 430 |
| Eendrag | 62 550 | 51 430 |
| Helderberg | 62 550 | 51 430 |
| Helshoogte | 62 550 | 51 430 |
| Huis Marais | 62 550 | 51 430 |
| Huis Visser | 62 550 | 51 430 |
| Majuba | 62 550 | 51 430 |
| Simonsberg | 62 550 | 51 430 |
| Wilgenhof | 62 550 | 51 430 |
| **Vrouekoshuise (voorgraads)** | | |
| Erica | 61 100 | 50 340 |
| Harmonie | 61 100 | 50 340 |
| Heemstede | 61 100 | 50 340 |
| Huis ten Bosch | 61 100 | 50 340 |
| Irene | 61 100 | 50 340 |
| Lydia | 61 100 | 50 340 |
| Minerva | 61 100 | 50 340 |
| Monica | 61 100 | 50 340 |
| Nemesia | 61 100 | 50 340 |
| Nerina | 61 100 | 50 340 |
| Serruria | 61 100 | 50 340 |
| Sonop | 61 100 | 50 340 |

| | Enkelkamer (R) | Dubbelkamer (R) |
|---|---|---|
| **Gemengde koshuise (mans en vroue) (voorgraads)** | | |
| Goldfields | 62 550 | 51 430 |
| Metanoia | 62 550 | - |
| **Senior en nagraadse koshuisverblyf** | | |
| Huis Russel Botman | 62 550 | - |
| Luister-, Leer- en Leefhuise (LLL-huise) | 62 550 | - |
| HUB-huiskomitees | 62 550 | - |
| **Universiteitshuise** | | |
| Alle Universiteitshuise | 54 590 | 43 360 |
| **Universiteitswoonstelle** | | |
| Huis De Villiers | 57 590 | 46 750 |
| Huis MacDonald: Tipe A – enkelkamer met gesamentlike was- en eetgeriewe | 48 200 | - |
| Huis MacDonald: Tipe B – enkelwoonstel (1 persoon) | 65 090 | - |
| Lobelia: tweeslaapkamerwoonstel | 60 530 | - |
| Concordia: drieslaapkamerwoonstel | 60 150 | - |
| **Universiteitswoonstelle (internasionale studente)**<br>E-pos asseblief Universiteit Stellenbosch Internasionaal by interhouse@sun.ac.za, of bel na +27 21 808 4702, of besoek die webtuiste by http://www.sun.ac.za/english/SUInternational/Pages/University-Administered-Housing-.aspx. | | |
| **Privaatverblyf**<br>http://www.stayatstellenboschuniversity.co.za | | |

## Tygerbergkampus

| | Enkelkamer (R) | Dubbelkamer (R) |
|---|---|---|
| **Mans-en-vrouekoshuise** | | |
| Hippokrates | 52 950 | 39 940 |
| Huis Francie van Zijl | 51 950 | 39 130 |
| Huis Ubuntu | 62 050 | - |
| eNkanyini | 62 050 | - |
| Nkosi Johnson | 62 050 | - |
| **Ander koshuisverblyf** | | |
| Meerhoff: Tipe A (enkelkamer) Blok A & B | 66 760 | - |
| Meerhoff: Tipe B (duet) Blok C & F | 69 880 | - |
| Meerhoff-uitbreiding Blok G & H | 61 530 | 49 240 |

# 3.3 Inwoning voor die aanvang van die akademiese jaar

Huiskomiteelede, mentors en eerstejaarstudente wat aan die verwelkomingsprogram vir eerstejaarstudente deelneem voordat die Universiteit amptelik open, mag gratis tuisgaan in die koshuis waar inwoning vir dié doel aan hulle toegeken is.

Vir alle ander studente wat toegelaat word om voor die aanvang van die akademiese jaar of tydens die reses in 'n koshuis tuis te gaan, geld die volgende tarief:

| | |
|---|---|
| Slegs inwoning | R220 per dag |
| Inwoning met etes (indien beskikbaar) | R315 per dag |

## 3.4 Inwoning tydens die vakansies in Maart en September

Jy hoef nie gedurende die kort vakansies, in Maart en September, jou Universiteitsverblyf te ontruim nie. Ons kan egter nie waarborg dat dienste (bv. etes) volledig gelewer sal word nie.

## 3.5 Koshuisgeld (huisgelde)

Daar word jaarliks 'n bedrag vir koshuisgeld teen die studentegelderekening van alle koshuisstudente gehef. Die bedrag vir 2023 is R725. Dit word aangewend vir die dag-tot-dag-funksionering van koshuise en dek 'n breë spektrum uitgawes wat tot voordeel van koshuisinwoners aangegaan word.

## 3.6 Etekwota

### 3.6.1 Deposito vir etepakkette

Inwoningsgeld sluit nie etes in nie, behalwe waar anders vermeld. Studente op die Stellenboschkampus maak gebruik van 'n besprekingstelsel. As jy geplaas is in 'n Universiteitskoshuis op die Stellenboschkampus wat etes voorsien, is jou besonderhede reeds op die etestelsel ingevoer. Jy moet 'n kwota laai om die etestelsel te aktiveer. Studente kan in 2023 'n etekwota van hoogstens R29 590 op hulle studentegelde-rekening laai. Onbespreekte etes word teen dubbeltarief verskaf. Jy kan aan die begin van die jaar deur 'n rekenaarterminaal in jou koshuis of deur die studenteportaal http://my.sun.ac.za 'n etekwota uitkies en laai. Jy kan ook TOT 11 AUGUSTUS via hierdie twee portale die kwota verhoog, of die SnapScan-toepassing gebruik om voorafbetalings te maak.

NÁ 11 AUGUSTUS kan jy jou etekwota slegs met 'n inbetaling by die kassiere aanvul of met 'n aanlyn betaling by http://my.sun.ac.za, onder "Finansies", "Betalingsopsies", of deur die SnapScan-toepassing te gebruik. As die bedrag van die etepakket wat jy gekies het nie teen die einde van die akademiese jaar uitgeput is nie, word die oorblywende bedrag teen jou studentegelderekening gekrediteer.

Vir studente wat finansiëlebystandsbeurse ontvang geld daar verskillende beperkings om beursfondse vir maaltye gedurende die jaar te bestuur. Die beursafdeling sal besonderhede direk aan die betrokke studente wat finansiëlebystandsbeurse ontvang, volgens kategorie kommunikeer.

### 3.6.2 PSO-studente: ete-opsies

As jy lid van die PSO (Privaatstudenteorganisasie) is, moet jy op die US-portaal registreer om etes by 'n koshuis binne jou kluster of in die Studentesentrum te mag neem. Ná registrasie moet jy 'n bedrag op die voorafbetaalde etekwotastelsel inbetaal waaruit bestedings gemaak kan word. Daarna geld dieselfde reëls as vir inwonende studente se etevoordeel.

## 3.7 Waskwota

Dié deposito word teen die studentegelderekening van alle koshuisstudente gehef vir die gebruik van wasgeriewe by koshuise, insluitende wasmasjiene en tuimeldroërs.

Jy kan jou waskwota TOT 11 AUGUSTUS by enige wasgerief aanvul deur jou studentekaart te skandeer, waardeur daar dan 'n aanvullende kwota (tans R910) op jou studentegelderekening daarvoor gelaai word. Jy kan ook die SnapScan-toepassing gebruik om voorafbetalings te maak.

NÁ 11 AUGUSTUS kan jy jou waskwota slegs met 'n inbetaling by die kassiere aanvul of met 'n aanlyn betaling by http://my.sun.ac.za, onder "Finansies", "Betalingsopsies", of deur die SnapScan-toepassing te gebruik. As jou waskwota nie teen die einde van die akademiese jaar uitgeput is nie, word die oorblywende deel daarvan teen jou studentegelderekening gekrediteer.

## 3.8 Aanspreeklikheid vir skade aan Universiteitsverblyf

Alle uitgawes wat aangegaan moet word om skade te herstel wat jy aan Universiteitsverblyf aangerig het, sal teen jou studentegelderekening gehef word. Navrae in hierdie verband moet aan die betrokke inwonende hoof gerig word.

# 4. Studentegeldrekening

Let asseblief op die volgende formele bepalings:

- Die Raad behou die reg voor om alle gelde wat aan die Universiteit betaalbaar is sonder kennisgewing te wysig, na gelang van omstandighede.
- Studie- en inwoningsgeld is ten volle betaalbaar, ook as enige dienste wat deur die Universiteit verskaf word deur toestande buite die Universiteit se beheer onderbreek word, byvoorbeeld deur stakings, studenteboikotte, openbare onrus of enige ander ontwrigting op kampus.

## 4.1 Betaalwyses

Die onderstaande twee maniere om aan die Universiteit se betalingsvoorwaardes te voldoen is slegs beskikbaar vir Suid-Afrikaanse studente, studente met permanenteverblyfreg, studente met diplomatieke status of vlugtelingstatus en asielsoekers.

Let wel:

- As jy skriftelike bewys kan lewer dat 'n beurs of lening reeds vir die betrokke jaar se programregistrasie aan jou toegestaan is, hoef jy nie die eerste paaiement van studiegeld VOOR OF OP EINDE FEBRUARIE te betaal nie, mits die totale beurs- of leningbedrag minstens die eerste paaiement van die studiegeld vir die jaar dek. As die beurs of lening minder as die eerste paaiement van studiegeld is, moet jy self die verskil teen die registrasiedatum inbetaal. Jy moet 'n afskrif van die amptelike skriftelike bewys van die beurs of lening, met die bevestigde bedrag van die toekenning, verkieslik voor, of andersins tydens registrasie by die Afdeling Studentegelde indien. Hierdie bewys moet op 'n amptelike briefhoof van die borg/bank ingedien word en moet die beoogde datum van betaling van die beursbedrag in die US-bankrekening, asook die e-posadres van die borg/kontakpersoon by die bank insluit. Jy kan die amptelike bewys van 'n privaat beurs ook aan mev Juanita van den Berg by juanitavdb@sun.ac.za e-pos, en die bewys van 'n lening na studentegelde@sun.ac.za.
- Rekeninge word maandeliks teen die datums vir betaling soos aangedui in die tabel vir elke betaalwyse per e-pos uitgestuur. Hierdie e-posse word aan die rekeningpligtige of, as dié se e-posadres onbeskikbaar is, aan jou (die student) self uitgestuur. Rekeninge vir enige addisionele gelde wat moontlik ná September op die rekening gehef word ook per e-pos uitgestuur.
- Jy kan die e-posadres waarheen jou rekeninge gestuur word, verander deur by http://my.sun.ac.za aan te teken en die volgende te doen:
    - Kies "Voorgraads" of "Nagraads".
    - Kies "Administrasie".
    - Kies "Adres & Kontakinligting".
    - Teken in met jou gebruikersnaam en wagwoord.
    - Verander jou e-posadres.

### 4.1.1 Betaling in agt paaiemente

Betaling is in agt paaiemente, met elke paaiement 'n persentasie van die totale gelde betaalbaar, soos per ondergenoemde tabel.

| DATUM VIR BETALING | % VAN TOTALE GELDE BETAALBAAR |
|---|---|
| **Eerste paaiement** op 28 FEBRUARIE | 20% |
| **Tweede paaiement** op 31 MAART | 20% |
| **Derde paaiement** op 30 APRIL | 20% |
| **Vierde paaiement** op 31 MEI | 20% |
| **Vyfde paaiement** op 30 JUNIE | 5% |
| **Sesde paaiement** op 31 JULIE | 5% |
| **Sewende paaiement** op 31 AUGUSTUS | 5% |
| **Agtste paaiement** op 30 SEPTEMBER | 5% |

### 4.1.2 Debietorderstelsel

As jy volgens die US-debietorderstelsel wil betaal, kan jy 'n debietordervorm met die volledige inligting by die Afdeling Studentegelde aanvra. Die vorm is ook by http://my.sun.ac.za onder "Finansies", "Betalingsopsies" verkrygbaar. Jy of jou ouers moet VOOR 9 FEBRUARIE aansoek doen om volgens die US-debietorderstelsel te betaal. Die Universiteit sal die debietorder by die bank skeduleer. As jou aansoek NÁ 9 FEBRUARIE ontvang word, sal dit oorweeg word mits jy dan die minimum bedrag betaal wat SEDERT 1 MAART as debietorderbetalings sou afgegaan het.

As daar enige heffings NÁ 1 MAART op die studentegelderekening bykom, word dit proporsioneel by die oorblywende maandelikse debietorderpaaiemente ingesluit.

Hierdie betaalwyse bly geldig vir die volle duur van jou studies, mits dit 'n ononderbroke tydperk is, of tot 30 dae nadat die rekeningpligtige die debietorderbetaling skriftelik by die Afdeling Studentegelde gekanselleer het. Jy hoef dus nie elke jaarlik aansoek te doen om die debietorderstelsel te gebruik nie, ongeag of dit 'n verdere akademiese jaar in dieselfde program is of 'n nuwe program wat jy volg.

Volgens hierdie betaalwyse, soos uiteengesit in die tabel hieronder, betaal jy tien maandelikse paaiemente bykomend tot die bedrag wat jy reeds teen die registrasiedatum betaal het.

| DATUM VIR BETALING | % VAN TOTALE GELDE BETAALBAAR |
|---|---|
| **Eerste paaiement** op 1 MAART | 10 |
| **Tweede paaiement** op 1 APRIL | 10 |
| **Derde paaiement** op 1 MEI | 10 |
| **Vierde paaiement** op 1 JUNIE | 10 |
| **Vyfde paaiement** op 1 JULIE | 10 |
| **Sesde paaiement** op 1 AUGUSTUS | 10 |
| **Sewende paaiement** op 1 SEPTEMBER | 10 |
| **Agtste paaiement** op 1 OKTOBER | 10 |
| **Negende paaiement** op 1 NOVEMBER | 10 |
| **Tiende paaiement** op 1 DESEMBER | 10 |

## 4.2 Agterstallige studentegelderekeninge

### 4.2.1 Agterstallige gelde

Die Raad behou die reg voor om jou toelating tot verdere klasse aan die US en Universiteitsverblyf te weier as jy gelde aan die Universiteit verskuldig bly ná die betaaldatum daarvan.

Die Raad behou die reg voor om jou toelating tot Universiteitseksamens te weier as jy sonder verlof van die Raad gelde aan die Universiteit verskuldig is.

As jy sonder verlof van die Raad gelde aan die Universiteit verskuldig is, sal jou eksamenuitslae, vorderingsuitslae en akademiese rekord nie bekend gemaak word nie totdat jy die betrokke skuld ten volle vereffen het.

Alle agterstallige bedrae op jou studentegelderekening vir 'n bepaalde jaar moet vereffen wees voordat jy vir 'n daaropvolgende jaar mag registreer.

### 4.2.2 Rente

Om rente te voorkom, moet jy paaiemente stiptelik op die vasgestelde datums betaal, selfs al het jy nie jou studentgelderekening ontvang nie. Rente teen die bank se primakoers word maandeliks gehef op bedrae wat nie op die betaaldatums ontvang is nie, streng bereken vanaf die datum waarop 'n bedrag betaalbaar was. Die eerste paaiement van studie- en inwoningsgelde is normaalweg onmiddellik met registrasie betaalbaar.

As jy amptelike, skriftelike bewys verskaf het dat 'n beurs reeds aan jou toegeken of 'n lening reeds toegestaan is, en dat die betrokke bedrag ten minste die eerste paaiement sal dek, hoef jy nie hierdie eerste betaling met registrasie te betaal nie. Let egter daarop dat, indien enige bedrag wat by registrasie betaalbaar was, onbetaald bly, rente vanaf die registrasiedatum daarop gehef sal word.

### 4.2.3 Heraktivering van studentekaarte

As jou studentegelderekening agterstallig is, kan jou studentekaart vir sekere Universiteitsdienste (onder meer toegang tot geboue) gedeaktiveer word, en jou toegang tot jou akademiese rekord geblokkeer word.

Daar is 'n vervangingskoste van R80 indien jou studentekaart verlore raak of beskadig word. Hierdie koste word teen jou studenterekening gehef wanneer die nuwe kaart uitgereik word.

As daar alreeds weens 'n agterstallige studentegelderekening 'n blokkasie teen jou rekord staan, sal die vervangende kaart egter ook geblokkeer wees.

## 4.3 Betaalmetodes

### 4.3.1 Persoonlik by die kassiere

#### Stellenboschkampus

Die kassiere in Blok A van die Sentrale Administrasie Gebou:

Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30

#### Tygerbergkampus

Die kassiere in die Kliniese Gebou, 1ste verdieping, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe:

Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30

#### Bellvilleparkkampus

Die kassiere in die Hoofgebou, Carl Cronjé Rylaan, Bellville:

Maandae tot Vrydae, 08:30 tot 12:45 en 13:45 tot 15:30

### 4.3.2 Aanlyn betalings

Jy kan as volg aanlyn op die Afdeling Studentegelde se webblad betaal:

1. Besoek www.maties.com.
2. Klik op "Gelde".
3. Kies "Aanlyn betaling van studentegelde".
4. Volg die instruksies en betaal by wyse van 'n kredietkaart of elektroniese geldoordrag (Eng. *EFT*).

**Die voordeel van aanlyn betalings:** Die kwitansie word onmiddellik verwerk, wat beteken dat daar nie tydens registrasie enige vertragings is met die betaling van die verpligte eerste paaiement nie, en ook nie later met die bekendmaking van jou eksamenuitslae nie.

### 4.3.3 Snapscan

Die Universiteit van Stellenbosch is die eerste Suid-Afrikaanse Universiteit wat die SnapScan-toepassing, waarmee binne-toepassingsbetalings gemaak kan word, op sy kampusse gaan gebruik.

Dit beteken dat jy vir sommige betalings nie meer kontant hoef saam te dra nie.

SnapScan is 'n mobiele toepassing waarmee jy kontantlose betalings kan maak. Jy kan twee soorte betalings binne die SnapScan-toepassing maak, naamlik rekeningbetalings van studentegelde en voorafbetalings vir dienste soos drukwerk, was en etes. Hierdie betalings is voorheen in kontant of met 'n kaart by die Universiteit se kassiere in die sentrale administrasie-gebou gemaak.

## 4.4 Toegang tot studentegelderekeninge

As jy as student en netwerkgebruiker geregistreer is, kan jy via die studenteportaal (http://my.sun.ac.za) die stand van jou studentegelderekening op die web nagaan.

Ná registrasie stuur ons 'n volledige studentegelderekening vir die akademiese jaar na die e-posadres van die rekeningpligtige soos dit op die studenteportaal by http://my.sun.ac.za verskyn; andersins stuur ons dit na jou studente-e-posadres.

TEEN 19 FEBRUARIE kan jy via die studenteportaal by http://my.sun.ac.za toegang tot jou studentegelderekening verkry.

**Let Wel:** Die plig rus op jou om 'n rekening aan te vra as jy nie een ontvang het nie. Die Universiteit aanvaar nie verantwoordelikheid daarvoor as 'n rekening onafgelewer is, byvoorbeeld weens 'n foutiewe e-posadres wat verskaf is, nie. Die feit dat jy geen rekening ontvang het nie, is dus nie 'n aanvaarbare verweer as jou studentegelderekening teen die vasgestelde datum onbetaald was nie.

Gaan jou studentegelderekening gereeld na, veral ná die finale betaaldatum – 30 SEPTEMBER – en vóór die Desember-gradeplegtigheid, om te verhoed dat bykomende heffings wat ná die finale betaaldatum op jou studentegelderekening gelaai is, 'n onbetaalde balans skep wat kan lei daartoe dat jou eksamenuitslae onderdruk kan word.

## 4.5 Terugbetaling van kredietbalanse op studentegelderekeninge

As daar 'n kredietbalans op jou studentegelderekening ontstaan omdat jy te veel betaal het, kan jy ná afloop van jou studies aanvra dat ons dit uitbetaal. Daarvoor het ons die volledige bankbesonderhede nodig van die persoon wat die uitbetaling moet ontvang nodig (vul hierdie besonderhede op die voorgeskrewe vorm in), met die bewys van die aanvanklike betaling aangeheg. Die vorm is by die Afdeling Studentegelde te kry, en

by http://my.sun.ac.za onder “Finansies”, “Betalingsopsies”. Hierdie proses geld nie vir beurshouers nie. Krediete wat ontstaan het as gevolg van keuringsgelde wat as deel van jou aansoek betaal is, of verbeurde losiesdeposito’s sal nie uitbetaal word nie.

# 5. Finansiële ondersteuning

## 5.1 Beurse, lenings, pryse en stipendia

Alle beurstoekennings wat deur die Universiteit ontvang en geadministreer word, word in die studentegelde-rekening van die betrokke beurshouers inbetaal. Die volle studiegeld vir die betrokke akademiese jaar word eers afgetrek; as enige kredietbalans daarna beskikbaar is, word dit slegs met skriftelike toestemming van die betrokke beursinstansie uitbetaal. Jy moet self met die beursinstansie reël dat hulle 'n bewys van hulle betaling en skriftelike toestemming vir die uitbetaling van die kredietbalans verskaf. As daar aan jou 'n nagraadse beurs toegestaan is, kan jy by die Nagraadse Kantoor navraag doen oor die prosedure wat jy moet volg.

Vir nadere besonderhede in hierdie verband, raadpleeg Deel 2 van die Jaarboek; dit handel spesifiek oor beurse, lenings, pryse en stipendia.

In terme van die geskrewe ooreenkoms tussen jou en die beursinstansie, bly dit jou verantwoordelikheid om op te volg indien daar enige uitstaande betalings is.

## 5.2 Korting

### 5.2.1 Korting vir vroeë betaling van studiegeld

As jy jou volle studiegeld VOOR OF OP 31 MAART betaal, kry jy 'n korting van 3% op die gedeelte daarvan wat uit onderriggeld bestaan. Jou ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm by die Afdeling Studentegelde aanvra, invul en weer vir verwerking by hulle inlewer met die betalingsbewys daarby. E-pos die ingevulde vorm na studentegelde@sun.ac.za.

Bogenoemde korting is nie op die module- of programkoste-deel van die studiegelde van programme by die Stellenbosch Besigheidskool en SPL, asook die MPhil (Inligting- en Kennisbestuur) van die Departement Inligtingkunde, van toepassing nie.

Let wel:

- Die volle studiegeldbedrag vir die betrokke jaar moet eers betaal word voordat jy aansoek om korting weens vroeë betaling kan doen. Sodra die aansoek goedgekeur en verwerk is, trek ons die 3%-kortingsbedrag op jou studentegelderekening af. Die persoon wat die studiegeld inbetaal, mag dus nie self die korting bereken en dit vooraf aftrek nie. Ons toon die kortingsbedrag as 'n krediet op jou studentegelderekening aan eerder as om dit uit te betaal, want dan kan dit aangewend word vir kostes wat jy dalk later in die jaar oploop.
- Jy kan slegs vir jou huidige studiejaar aansoek doen om korting, nie terugwerkend vir vorige jare nie. Om vir hierdie korting in aanmerking te kom, moet jy 'n student met Suid-Afrikaanse burgerskap wees, die ouer of voog van 'n student met Suid-Afrikaanse burgerskap wat finansieel vir die volle studentegelderekening verantwoordelik is, of 'n internasionale student wat 'n geldige permanente verblyfpermit in die RSA het. Ander internasionale studente en studente wat beurshouers is, is hiervan uitgesluit.

### 5.2.2 Korting op onderriggeld vir persone uit dieselfde gesin

As drie of meer persone uit dieselfde gesin gelyktydig vir voltydse programme aan die US ingeskryf is, kan 'n korting van 10% op onderriggeld per student toegestaan word. Hierdie korting kan slegs in vir die huidige studiejaar aangevra word, nie terugwerkend vir vorige jare nie. Die ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm by die Afdeling Studentegelde aanvra, dit invul en weer vir verwerking by hulle inlewer. Die vorm is ook by http://my.sun.ac.za te kry onder "Finansies", "Betalingsopsies". E-pos die ingevulde vorm na studentegelde@sun.ac.za.

Bogenoemde korting is nie op die module- of programkoste-deel van die studiegelde van programme by die Stellenbosch Besigheidskool en SPL, asook die MPhil (Inligting- en Kennisbestuur) van die Departement Inligtingkunde, van toepassing nie.

# 6. Akademiese uitgawes (Studentegelde)

## 6.1 Aansoekgeld (alle programme)

Die aansoekgeld vir 2023 beloop R100, en moet jou aansoek om toelating vergesel. Die bedrag is eenmalig betaalbaar per aansoek per program, of vir die volle duur van ononderbroke jaarlikse registrasie as spesiale student. Aansoekgeld word vir die betaling van geen ander gelde aangewend nie, en is dus nie terugbetaalbaar nie.

Bostaande bedrag is ook van toepassing op internasionale studente wat by die Stellenbosch Besigheidskool aansoek doen.

**Let wel:** Sommige programme het 'n vasgestelde sluitingsdatum vir aansoeke. Raadpleeg die US Almanak op die Universiteit se webtuiste of die betrokke fakulteit se Jaarboekdeel om te verseker dat jy betyds vir jou voorgenome program aansoek doen.

## 6.2 Studiegeld

### 6.2.1 Registrasiedatums

Daar is verskillende amptelike registrasiedatums vir eerstejaar- en terugkerende voorgraadse studente, spesiale studente, en eerstejaar- en terugkerende nagraadse studente. Raadpleeg die kennisgewing oor registrasie wat jy ontvang het of besoek http://www.sun.ac.za/afrikaans/ oor die registrasiedatum wat op jou van toepassing is.

#### Registrasie vir eerste semester

| | |
|---|---|
| 24 FEBRUARIE | Laaste dag vir laat registrasie vir voorgraadse, spesiale, diploma-, sertifikaat- en honneursstudente |
| 31 MAART | Laaste dag vir registrasie vir eerste studiejaar in magister- en doktorale programme (Vroeëre registrasiedatums geld vir sommige gestruktureerde magisterprogramme. Bevestig dit met die programkoördineerders.) |

#### Registrasie vir tweede semester

| | |
|---|---|
| 28 JULIE | Laaste dag vir registrasie vir die tweede semester |

### 6.2.2 Laat registrasie

As jy laat registreer, moet jy die verpligte eerste paaiement sowel as die onderstaande laat-registrasieheffing dadelik betaal. As jy toelating gekry het om vir een of meer modules laat te registreer, is dit aan die onderstaande registrasieheffing onderhewig.

| | |
|---|---|
| Heffing vir registrasie ná amptelike sluitingsdatum | R500 |
| Laatregistrasieheffing per module | R100 |

### 6.2.3 Heffing van studiegeld vir alle studente

Studiegeld vir alle voorgraadse en spesiale studente word gehef per module waarvoor jy geregistreer het. Om te bereken wat die uitstaande bedrag van jou studiegeld vir die jaar is nadat jy die verpligte eerste paaiement het, kyk na die kurrikulum in die betrokke fakulteit(e) se Jaarboek-deel om vas te stel watter modules jy wil en/of moet volg.

Studiegeld word per module gehef vir die meeste nagraadse programme. In die volgende uitsonderingsgevalle word studiegeld egter per program bereken: alle inskrywings vir doktorale programme, en inskrywings vir sommige diploma- en magisterprogramme wat in sekere fakulteite aangebied word.

#### 6.2.3.1 Gelde per module (voorgraadse, nagraadse en spesiale studente)

Jy kan die totale koste van 'n spesifieke module (onderriggelde én verwante module- en/of programkoste) bepaal deur http://www.maties.com te besoek en 'n kwotasie saam te stel. Klik op "Gelde" en kies "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)". Kies dan die program waaronder die betrokke module ressorteer. As die module nie op die kieslys verskyn nie, kies enige module – dit sal jou neem na die skerm waar jy 'n opsionele module kan byvoeg deur die eerste drie letters van die modulenaam in te tik. Kies dan die korrekte module uit die lys wat aangebied word.

Of, as jy weet wat die modulekode is, tik dit in om die betrokke module onmiddellik te laat verskyn. Voeg die module by, kanselleer die vorige/eerste module wat jy gekies het net om aan te beweeg, en voltooi die kwotasie vir 'n formele verslag van die koste.

## 6.3 Studentekaart

Elke persoon wat vir die eerste keer as student registreer, kry 'n studentekaart (foto-identiteitskaart) wat R80 per kaart kos. Hierdie koste word teen jou studentegelderekening gehef wanneer die kaart uitgereik word.

Dit is 'n elektroniese kaart, wat bewys dat jy 'n US-student is.

**Let wel:** Bewaar jou studentekaart goed, want jy moet dit kan vertoon om klasse by te woon en eksamen te skryf.

Terugkerende studente behou die studentekaart wat hulle tydens eerste registrasie ontvang het. Jy moet dus jou studentekaart elke opeenvolgende keer saambring wanneer jy registreer sodat ons dit vir die nuwe akademiese jaar kan heraktiveer.

Jy kan jou studentekaart gebruik om die volgende te doen:

- Toegang tot Universiteitsgeboue, soos die US Biblioteek te verkry.
- Druk- en kopieerwerk te doen.
- Etes te bespreek.
- Wasgeriewe te gebruik.
- Rekenaargebruiker-areas te benut.
- Akademiese boeke (geld vir beursstudente slegs as die beursregulasies dit toelaat) te koop.

'n Spesifieke voorwaarde vir die gebruik van jou studentekaart is dat jy onder meer aanspreeklikheid aanvaar vir alle finansiële transaksies wat daarmee aangegaan word solank die kaart geldig is.

As jy jou studentekaart verloor of beskadig, kan jy 'n nuwe kaart by die IT HUB in Admin A kry en laat aktiveer teen betaling van R80, onderhewig aan die bepalings in 4.2.3.

### 6.3.1 Deposito vir drukwerk

Wanneer jy jou studentekaart vir die eerste keer gebruik om 'n dokument te druk, word 'n deposito vir gebruik van die Universiteit se drukgeriewe teen jou studentegelderekening gehef. Vanaf 2019 word die drukkwota ook vir kopieerwerk aangewend.

As jou drukkwota uitgeput raak, kan jy dit herhaaldelik aanvul om hierdie geriewe aan te hou gebruik. Jy kan jou drukkwota TOT 11 AUGUSTUS by www.sun.ac.za/useradm aanvul, of deur die SnapScan-toepassing te gebruik.

NÁ 11 AUGUSTUS kan jy dit aanvul slegs met 'n inbetaling by die kassiere of met 'n aanlyn betaling by http://my.sun.ac.za (onder "Finansies", "Betalingsopsies"), of deur die SnapScan-toepassing te gebruik. As jou drukkwota teen die einde van die akademiese jaar nie uitgeput is nie, trek ons die saldo by jou studentegelderekening af.

## 6.4 Studieverwante uitgawes: modulekoste en programkoste

Vanaf 2016 word alle studieverwante addisionele heffings vanuit twee kategorieë saamgegroepeer: as "program- en/of modulekostes". Studentegelderekeninge vertoon dus program- en/of modulekostes as een bedrag vir elk van die bostaande geriewe, eerder as aparte inskrywings vir verskillende bykomende studieverwante heffings, soos bedryfskoste, programheffings, laboratoriumgeld, materiaalgeld, reisgeld en ledegeld vir akademiese verenigings.

Studiegeld wat in die verlede as Stellenbosch Besigheidskool-, SPL- of MIKM-gelde gehef is, word sedert 2016 ook as program- en/of modulekostes op studentegelderekeninge aangetoon.

### Gelde per module (voorgraadse, nagraadse en spesiale studente)

Raadpleeg 6.3.3 oor hoe om te werk te gaan om die totale gelde vir 'n enkele module vas te stel.

## 6.5 Ledegeld vir nie-akademiese geregistreerde studenteverenigings

Ledegeld ten bate van 'n nie-akademiese studentevereniging word outomaties teen jou studentegelde-rekening gehef mits die betrokke vereniging by die Studenteraad geregistreer is en jy ná akademiese registrasie persoonlik via die studenteportaal as lid ingeskryf het. Kontak die voorsitter van die betrokke vereniging om vas te stel wat die heffingsbedrag vir die betrokke jaar is. Die kontakbesonderhede vir alle geregistreerde verenigings is by http://www.sun.ac.za/afrikaans/students/student-societies beskikbaar.

## 6.6 PSO-ledegeld

Alle studente wat privaat loseer, behalwe die uitsonderings hier onder, is kragtens 'n Raadsbesluit outomaties lede van 'n Privaatstudenteorganisasie (PSO), en PSO-ledegeld word teen hulle studentegelderekeninge gehef.

Die volgende uitsonderings geld in hierdie verband:

- studente aan die Stellenbosch Besigheidskool
- studente aan die Fakulteit Krygskunde op Saldanha
- nagraadsediplomastudente
- nagraadsesertifikaatstudente
- magisterstudente en
- doktorale studente.

Die ledegeld vir 2023 beloop R400. Rig asseblief navrae in hierdie verband aan die Sentrum vir Studentegemeenskappe by pso@sun.ac.za.

## 6.7 Parkeerheffing

Studente of personeellede wat met 'n privaat motorvoertuig op Universiteitsgronde wil parkeer, moet die voertuig elektronies by die aangewese Universiteitsafdeling registreer. Sodanige registrasie is wel 'n voorvereiste om op Universiteitspersele te mag parkeer, maar dit waarborg nie 'n parkeerplek nie. Raadpleeg die webblad by http://www.sun.ac.za/mobiliteit-parkering oor die volgende: tipes parkering wat beskikbaar is, aansoek- en toekenningsprosedures, gepaardgaande kostes, en betalingsmeganismes.

## 6.8 Registrasie vir verbetering van punte

As jy aanvullende module(s) volg met die oog daarop om jou klaspunte te verbeter, maar geen klasse bywoon nie, bly jy nogtans aanspreeklik vir die volle studiegeld vir die betrokke module(s). Die betrokke akademiese departement kan jou wel na goeddunke vryskeld, hetsy gedeeltelik of ten volle, van enige toepaslike module- en/of programkoste wat ten opsigte van die betrokke module(s) en/of program betaalbaar is. Die amptelike vryskeldingsdokument moet die Afdeling Studentegelde vroegtydig bereik.

## 6.9 Dekaansvergunningsassesserings

'n Spesiale assesseringsgeleentheid, bekend as 'n dekaansvergunningsassessering, kan in sekere omstandighede toegestaan word aan finalejaarstudente wat aan die vereistes voldoen. As 'n dekaansvergunningsassessering vir JANUARIE 2024 aan jou toegestaan is, word die R1 214 daarvoor teen jou studentegelderekening gehef.

Kyk ook by "Dekaansvergunningsassesserings" in Deel 1 van die Jaarboek.

## 6.10 Herhaling van programme of modules

As jy 'n program of enige module moet herhaal, moet jy alle die normale gelde daarvoor opnuut en ten volle betaal.

## 6.11 Hertoelating ná onsuksesvolle studies

As jou studies onsuksesvol was, kan jy VOOR OF OP 15 JANUARIE skriftelik by die Registrateur aansoek om hertoelating doen. Jy moet 'n aansoekvorm met 'n behoorlike begronding persoonlik invul en aan die Registrateur stuur saam met die bewys dat jy die nieterugbetaalbare bedrag hier onder inbetaal het. Die Hertoelatingsappèlkomitee oorweeg alle hertoelatingsaansoeke en sy beslissings is finaal.

Heffing vir hertoelatingsaansoek: R484 vir hertoelating in JANUARIE 2024. Kyk ook by "Hertoelating ná onsuksesvolle studies" in Deel 1 van die Jaarboek.

Die algemene reël dat jy mag registreer slegs nadat jou studentegelderekening ten volle vereffen, en die verpligte eerste paaiement betaal is, geld ook as jy hertoegelaat word.

Let daarop dat hierdie proses tans hersien word. Die veranderinge sal mettertyd deurgegee word.

## 6.12 Studierekords en duplikaatsertifikate

By jou gradeplegtigheid ontvang jy, saam met die kwalifikasiesertifikaat van die betrokke graad, diploma of sertifikaat (wat in Afrikaans en Engels verskaf word), ook jou studierekords (in Afrikaans en Engels) gratis as standaardprosedure.

Jy kan, as student of as oudstudent, 'n afskrif van jou studierekords en/of duplikaatsertifikate aanvra, waarvoor jy die onderstaande gelde by die kassiere moet betaal:

| Soort dokument | Bedrag betaalbaar |
|---|---|
| Studierekord | R70 |
| Duplikaatsertifikaat | R95 |

## 6.13 Skorsing (verbeuring van betaalde gelde)

As die Raad tydelik of permanent die regte en voorregte wat jy as student geniet, ontneem of jou tydelik of permanent verdere toelating as student ontsê, verbeur jy alle aanspraak daarop dat gelde wat jy reeds aan die Universiteit betaal het, terugbetaal word of dat gelde wat jy aan die Universiteit verskuldig is, verminder of vir jou kwytgeskeld word.

## 6.14 Raadsafskrywing van skuld

Die afskrywing van uitstaande studenteskuld deur die Raad vereis 'n interne proses wat 'n voorlegging aan die Raad vir goedkeuring behels. Indien die Raad sou besluit om jou studenteskuld as slegte skuld af te skryf, behels die afskrywing bloot 'n inskrywing in die US se finansiële rekords. Dit is nie gelykstaande aan 'n kwytskelding vir jou om jou uitstaande studenteskuld te betaal nie. Die US sal dienste aan jou gelewer het en jou se wederkerige kontraktuele verpligting om die US vir die dienste gelewer te vergoed sal bly bestaan.

Waar die US jou skuld as slegte skuld afgeskryf het en jy begerig is om:

- weer te registreer vir verdere studies, moet jou afgeskryfde skuld ten volle vereffen word alvorens jy toegelaat sal word om vir verdere studies te registreer;
- te registreer vir 'n daaropvolgende akademiese jaar, moet jou afgeskryfde skuld ten volle vereffen word voordat jy toegelaat sal word om vir verdere studies te registreer;
- jou akademiese uitslae/kwalifikasiesertifikate te verkry, behou die US die reg voor om akademiese uitslae/kwalifikasiesertifikate te weerhou totdat die afgeskryfde skuld ten volle vereffen is.

# 7. Staking en/of kansellasie

## 7.1 Staking van studies

As jy die Universiteit verlaat sonder dat jy jou studieprogram voltooi het, moet jy die Registrateur skriftelik in kennis stel dat jy jou studies staak en wat die rede(s) daarvoor is. As jy van Universiteitsverblyf gebruik maak, moet jy jou koshuisverblyf afsonderlik by die Koshuisplasingskantoor kanselleer. Die stakingsvorm is by die Kontak- en Kliëntediensentrum te kry: info@sun.ac.za; 021 808 9111.

As jy geen stakingsdatum in jou skriftelike kennisgewing vermeld nie, gebruik ons die datum wanneer die skriftelike kennisgewing ontvang is om te bereken watter bedrag jy aan die Universiteit verskuldig is.

As jy jou studieprogram staak NÁ 31 MAART van dieselfde akademiese jaar waarin jy ingeskryf het, is jy ook vir die onderstaande bedrae aanspreeklik *bykomend tot* ander gelde (d.w.s. buiten studiegelde) wat op die rekening gehef word:

- die volle studiegeld vir enige eerstesemestermodules waarvoor jy ingeskryf het;
- die helfte van die studiegeld vir enige jaarmodules waarvoor jy ingeskryf het; en
- die helfte van die studieverwante addisionele koste – d.w.s. module- en/of programkoste – wat teen jou studentegelderekening vir die betrokke jaar gehef is.

As jy jou studieprogram NÁ 31 JULIE staak, is jy aanspreeklik vir die volle bedrag wat jou studentegelderekening vir die betrokke jaar beloop.

As jy slegs vir tweedesemestermodules geregistreer het en TEEN 15 AUGUSTUS van dieselfde akademiese jaar van inskrywing formeel aangemeld het (soos hier bo uiteengesit) dat jy jou studies wil staak, kan proporsionele terugbetaling oorweeg word.

Hierdie reëls geld ook vir nagraadse studente wie se studiegeld volgens module gehef word en wat modules ná bogenoemde keerdatums wil staak.

As jy die Universiteit verlaat sonder om jou studentegelderekening ten volle te vereffen, is jy aanspreeklik vir saamgestelde rente teen die bank se primakoers op die uitstaande bedrag, gereken vanaf die datum waarop jy die Universiteit verlaat het.

## 7.2 Staking van studies – Stellenbosch Besigheidskool-programkoste

Stellenbosch Besigheidskool-studente registreer in Januarie vir alle modules wat in die betrokke akademiese jaar aangebied word, hoewel alle modules nie tegelyk begin nie. Studiemateriaal word versprei voordat 'n module begin. As jy jou studies sou staak, is jy soos volg vir Stellenbosch Besigheidskool-modulekostes aanspreeklik:

- die volle Stellenbosch Besigheidskool-modulekoste van modules waarvan die helfte van die sessies of meer reeds aangebied is;
- 50% van die Stellenbosch Besigheidskool-modulekoste vir modules waarvan meer as 0%, maar minder as 50% van die sessies aangebied is;
- geen koste vir modules wat nog nie aangebied is nie.

Die beleid rakende US-studiegelde geld onveranderd en sal toegepas word soos hier bo in 7.1 uiteengesit.

Rig navrae asseblief aan die betrokke programkoördineerder by die Stellenbosch Besigheidskool.

## 7.3 Kansellasie van Universiteitsverblyf

### 7.3.1 Prosedures en reëlings vir die kansellasie van koshuisverblyf (voornemende studente)

As jy jou koshuisverblyf wil kanselleer, moet jy dit per e-pos doen. As jy 'n voornemende student is wat jou koshuisverblyf wil kanselleer, moet jy dus 'n e-pos na info@sun.ac.za vir die aandag van die Koshuisplasingskantoor stuur waarin jy jou studentenommer en die rede(s) vir kansellasie verstrek.

As jy nie die voorgeskrewe kennisgewing gegee het nie, sal geen terugbetaling van jou aanvaardingsbedrag oorweeg word nie.

Die datum waarop ons die e-pos-kennisgewing ontvang, geld as die amptelike datum waarvolgens enige verskuldigde geld bereken word.

As jy jou koshuisverblyf gekanselleer het, word die aanvaardingsbedrag soos volg hanteer:

- As jy VÓÓR OF OP 31 OKTOBER kanselleer van die jaar wat die betrokke losiesjaar voorafgaan, word jou volle koshuisaanvaardingsbedrag terugbetaal.
- As jou koshuisaanvaardingsbedrag terugbetaal moet word, moet jy die bankbesonderhedevorm

voltooi. Dit is op die webtuiste vir voornemende studente beskikbaar (onder "Gelde", "Betalingsopsies").

- As jy NÁ 31 OKTOBER kanselleer, geld 'n kansellasiefooi van R900.
- As jy meer as 'n week nadat die NSS-resultate in Januarie van die betrokke losiesjaar beskikbaar gestel is, kanselleer, verbeur jy ongelukkig **die volle aanvaardingsbedrag**.
- As jy nog nie opgedaag het teen die tyd dat die verwelkomingsprogram begin nie, verbeur jy die volle aanvaardingsbedrag, en die Koshuisplasingskantoor sal dan ook jou plek kanselleer.
- As jy nie toelating tot die Universiteit kry nie of weens omstandighede buite jou beheer nie die koshuisplek waarvoor jy reeds die vereiste aanvaardingsbedrag betaal het, kan benut nie, kan jy aanvra dat die aanvaardingsbedrag terugbetaal word. Jy moet die versoek behoorlik begrond in 'n brief aan die Koshuisplasingskantoor (stuur na info@sun.ac.za).
- Die Universiteit besluit na eie goeddunke oor die terugbetaling van enige geld.

Koshuisplek word vir die volle akademiese jaar toegeken. As jy jou verblyf gedurende die akademiese jaar kanselleer, is jy steeds vir 'n kansellasiefooi van 30% van die uitstaande verblyfgeld aanspreeklik.

## 7.3.2 Prosedures en reëlings oor kansellasie of opsegging van koshuisverblyf (huidige studente)

### 7.3.2.1 Kansellasie in die voorafgaande jaar

- As jy 'n ingeskrewe student is en jou koshuisverblyf kanselleer VOOR OF OP 30 SEPTEMBER van die jaar vóór die inwoningsjaar waarop die kansellasie betrekking het, word jy vir geen inwoningsgeld vir die volgende jaar aanspreeklik gehou nie.
- As jy ná bogenoemde datum kanselleer, maar voordat die akademiese jaar begin, hef die Universiteit kansellasiefooie soos volg: kansellasie van inwoning NÁ 30 SEPTEMBER van die jaar vóór die inwoningsjaar waarop die kansellasie betrekking het – R1 000; NÁ 31 OKTOBER – R2 000; NÁ 30 NOVEMBER – R3 000.

### 7.3.2.2 Kansellasie nadat die akademiese jaar begin het

- As jy 'n ingeskrewe student is en jou koshuisverblyf wil kanselleer, moet jy die Koshuisplasingskantoor daarvan in kennis stel deur die vereisde vorms na info@sun.ac.za te e-pos of dit by die Koshuisplasingskantoor te gaan invul.
- Ons gebruik die datum waarop ons die e-pos-kennisgewing ontvang as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde geld.
- Jy is aanspreeklik vir 'n kansellasiefooi van 30% van die inwoningsgeld wat op die datum van verlating verskuldig was.
- Jy moet jou koshuiskamer op die dag van kansellasie ontruim.
- As jy jou koshuisverblyf weens siekte kanselleer en 'n bevredigende mediese sertifikaat voorlê, kan die kansellasiefooi vir jou kwytgeskeld word.
- Die Universiteit beslis na eie goeddunke oor die terugbetaling van enige gelde.

# 8. INTERNASIONALE STUDENTE – inligting oor gelde vir 2023

## 8.1 Minimum verpligte aanvangsbedrag vir internasionale studente

- As jy 'n internasionale student is (met die uitsondering van internasionale studente met permanenteverblyfreg in Suid-Afrika, studente met diplomatieke of vlugtelingstatus en studente wat asielsoekers is) moet jy voor registrasie die minimum verpligte aanvangsbedrag vir gedeeltelike betaling van jou onderriggeld en die internasionale onderriggeld (verder aan ITF, wat die Engelse akroniem vir *international tuition fee* is) ten volle betaal. Sien die betrokke tabel hieronder
- Die ITF verteenwoordig 'n bykomende vaste bedrag wat jaarliks gehef word en moet voor registrasie betaal word. Hierdie bedrag is van toepassing op beide residensiële en nieresidensiële programme. Vir studente wat in die tweede semester van 'n bepaalde akademiese jaar registreer, sal die volle ITF, soos van toepassing, steeds vir elke akademiese jaar van registrasie gehef word. Die akademiese jaar is van Januarie tot Desember.
- 'n Minimum verpligte aanvangsbedrag vir koshuisgeld en etekwotas (waar van toepassing) is ook betaalbaar. Sien par. 8.2 verder aan in hierdie hoofstuk vir nadere besonderhede
- Die totaal betaalbaar voor registrasie is nie die volle koste nie. Finale betaling vir eerstesemester-inskrywings moet OP 31 MEI gedoen word, en OP 30 SEPTEMBER vir tweedesemesterinskrywings

| SAOG-lande* (wat Namibië insluit) en Rwanda | | | |
|---|---|---|---|
| **Kategorie** | **Minimum verpligte aanvangs-bedrag vir gedeeltelike betaling van onderriggeld** | **ITF** | **Totaal betaalbaar voor registrasie** |
| Voorgraads | R60 000 | R0 | R60 000 |
| Sertifikate | R45 000 | R0 | R45 000 |
| Diplomas | R45 000 | R0 | R45 000 |
| Honneurs | R45 000 | R0 | R45 000 |
| Magister | R30 000 | R0 | R30 000 |
| Doktoraal | R25 000 | R0 | R25 000 |
| **AFRIKA (uitgesonder die SAOG-lande* en Rwanda)** | | | |
| **Kategorie** | **Minimum verpligte aanvangs-bedrag vir gedeeltelike betaling van onderriggeld** | **ITF** | **Totaal betaalbaar voor registrasie** |
| Voorgraads | R60 000 | R32 425 | R92 425 |
| Sertifikate | R45 000 | R32 425 | R77 425 |
| Diplomas | R45 000 | R32 425 | R77 425 |
| Honneurs | R45 000 | R32 425 | R77 425 |
| Magister | R30 000 | R0 | R30 000 |
| Doktoraal | R25 000 | R0 | R25 000 |
| **RES VAN DIE WÊRELD (Buite Afrika)** | | | |
| **Kategorie** | **Minimum verpligte aanvangs-bedrag vir gedeeltelike betaling van onderriggeld** | **ITF** | **Totaal betaalbaar voor registrasie** |
| Voorgraads | R100 000 | R64 850 | R164 850 |
| Voorgraadse Sertifikate & Diplomas | R85 000 | R64 850 | R149 850 |

| Kategorie | Minimum verpligte aanvangs-bedrag vir gedeeltelike betaling van onderriggeld | ITF | Totaal betaalbaar voor registrasie |
|---|---|---|---|
| Nagraadse Sertifikate & Diplomas | R45 000 | R64 850 | R109 850 |
| Honneurs | R45 000 | R64 850 | R109 850 |
| Magister | R30 000 | R32 425 | R62 425 |
| Doktoraal | R25 000 | R0 | R25 000 |

*SAOG-lande: Angola, Botswana, die Comore, DRK, Lesotho, Madagaskar, Malawi, Mauritius, Mosambiek, Namibië, Seychelle, Swaziland, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe. (Let daarop dat Rwanda ook saam met hierdie lande getel word.)

### 8.1.1 Studente vrygestel van die internasionale onderriggeld (ITF)

- Die ITF word nie teen die studentegelderekeninge van studente van die SAOG en Rwanda gehef nie.
- Die ITF word nie teen die studentegelderekeninge van studente met permanenteverblyfreg in Suid-Afrika, vlugtelingstatus, diplomatieke status, of wat asielsoekers is, gehef nie.
- Vir nie-Suid-Afrikaanse studente met permanenteverblyfreg in 'n SAOG- of ander Afrikaland word die ITF teen die studentegelderekening van die student gehef na gelang van die streek waarin die student permanenteverblyfreg het.
- Geen ITF word teen die studentegelderekeninge van doktorale studente en studente in nagraadse programme op die telematiese platform (interaktiewe telematiese onderrig) gehef nie.
- Vir studente wat vir programme by die Stellenbosch Besigheidskool geregistreer is, word die ITF nie vir studente van die SAOG-streek, vir studente van Afrika buite die SAOG-streek en vir PhD-studente gehef nie en slegs die basis-ITF van R32 425 is van toepassing op ALLE nagraadsediploma- en meestersgraadstudente uit die Res van die Wêreld.

## 8.2 Verpligte eerste paaiemente van inwoningsgeld en etekwotas

| | |
|---|---|
| Verpligte eerste paaiement op inwoningsgeld = R25 000 | 'n Aanvaardingsbedrag van R8 200 maak deel uit van die verpligte eerste paaiement van R25 000.<br>Die verskil van R16 800 moet voor of by registrasie betaal word.<br>Vir inligting oor inwoningsgeld, verwys na par. 3.2 Inwoningsgeld volgens soort Universiteitsverblyf. |
| Verpligte eerste paaiement van etekwota = R15 000 | R15 000 (vir koshuise met spysenierin g)<br>'n Pakket vir 3 standaardetes per dag, 7 dae per week, kos ongeveer R29 590.<br>Let daarop dat slegs etes wat benut word afgetrek word en duurder ete-opsies kan die kwota voortydig uitput. |

## 8.3 Internasionale studente met permanenteverblyfreg in SA, sowel as vlugtelinge

- As jy 'n internasionale student met permanenteverblyfreg in Suid-Afrika, 'n internasionale student met diplomatieke status of vlugtelingstatus, of 'n asielsoeker is, betaal jy dieselfde gelde as Suid-Afrikaanse studente.
- Vir inligting oor beskikbare betalingsopsies, verwys na "4.1.1 Verpligte eerste paaiement van studiegeld".
- Alle agterstallige bedrae op jou studentegelderekening vir 'n bepaalde jaar moet ten volle betaal word voordat jy toegelaat sal word om vir die volgende jaar te registreer.

# 8.4 Algemene inligting

## 8.4.1 Vorme van studie

Daar is drie moontlike vorme van studie:

- Residensieel: die kandidaat is tipies voltyds op kampus.
- Nieresidensieel: die kandidaat woon modulêre sessies/vergaderings met studieleiers by soos wat vereis word en is vir korter as drie maande in Suid-Afrika.
- Telematies: die kandidaat is vir 'n program op die telematiese platform (interaktiewe telematiese onderrig) ingeskryf.

## 8.4.2 Klassifikasie van gelde

- Onderriggeld, die internasionaleregistrasiegeld en die ITF (indien van toepassing) sal outomaties teen jou studentegelderekening gehef word, gewoonlik teen die einde van die maand na registrasie.
- Indien jy sien dat hierdie gelde nié op jou studentegelderekening verskyn nie, kontak asseblief die finansieskantoor van US Internasionaal by suifinance@sun.ac.za.
- Soos wat jy van akademiese dienste gebruik maak, sal die betrokke fooie op die studentegelderekening gehef word. As 'n verpligte bedrag sal R80 as studentekaartgeld gehef word.

## 8.4.3 IRF-bedrae vir residensiële internasionale studente in graadprogramme

| | | |
|---|---|---|
| SAOG & AFRIKA | Voorgraads & Nagraads | R4 665 |
| STUDENTE UIT DIE RES VAN DIE WÊRELD (BUITE AFRIKA) | Voorgraads:<br>Baccalaureus, Sertifikate & Diplomas | R49 400 |
| STUDENTE UIT DIE RES VAN DIE WÊRELD (BUITE AFRIKA) | Nagraads | R9 880 |

## 8.4.4 Nie-residensiële internasionale studente in graadprogramme

Nie-residensiële studente is studente wat modulêre sessies of vergaderings met hulle studieleier/promotor bywoon, soos vereis, en wat vir korter as drie maande op 'n slag in Suid-Afrika is. 'n Nie-residensiële student in 'n graadprogram sal 'n verlaagde IRF-bedrag as volg betaal:

| | | |
|---|---|---|
| SAOG & AFRIKA | Nagraads | R1 635 |
| STUDENTE UIT DIE RES VAN DIE WÊRELD (BUITE AFRIKA) | | |

## 8.4.5 Akademiesediensgelde (beraamd)

- Akademiesediensgelde word jaarliks gehef.
- 'n Bedrag van R4 250 word beraam vir akademiesediensgelde vir 2023 en behels onder andere die uitgawe vir die studentekaart, vir fotokopieë, vir drukwerk, vir wasgoed, vir gimnasiumlidmaatskap en verenigingslidmaatskap, asook materiaalgeld en laboratoriumgeld. Hierdie beraamde bedrag is grotendeels van toepassing op geborgde studente om borge 'n aanduiding te bied van hoeveel om toe te ken.
- Ongebruikte akademiesediensgeld kan aan die einde van die akademiese jaar terugbetaal of na die volgende akademiese jaar oorgedra word.

# 8.5 Beursstudente

- 'n Skriftelike bewys dat 'n beurs toegeken is, wat duidelik die bedrag van die beurs wat gedek gaan word aandui, moet voor registrasie of andersins tydens registrasie ingedien word.
- Hierdie bewys moet op 'n amptelike briefhoof van die beursinstansie ingedien word en moet die e-posadres en kontaknommer van die persoon wat die beurs administreer insluit.
- In gevalle waar die beurs nie 'n presiese bedrag het nie, moet hulle duidelik aandui of die volgende items deur die beurs gedek sal word:

| | |
|---|---|
| Klasgelde | Internasionale registrasiegeld (IRF) |
| Internasionale onderriggeld (ITF) (indien van toepassing) | Akademiesediensgelde |
| Akkommodasie | Etes |

- Indien jy die Internasionale Finansiële Kantoor van skriftelike bewys kan voorsien dat daar reeds 'n beurs aan jou toegestaan is om vir die betrokke program in die betrokke jaar te registreer, kan jy vrygestel word van die betaling van die verpligte eerste paaiement voor of op die datum van

registrasie, mits die beursbedrag voldoende is om die verpligte eerste paaiement vir die jaar te dek. Indien die beursbedrag minder as die eerste paaiement is, moet jy die verskil self teen die datum van registrasie betaal.

- Alle beursstudente se studentegelderekeninge moet teen nie later nie as 31 MEI 2023 volledig vereffen wees.
- Versuim om die rekening teen die sperdatum te vereffen, sal daartoe lei dat studente nie hul akademiese uitslae in JUNIE 2023 kan sien nie.
- Bewys van beurse, met die betrokke student se studentenommer duidelik aangedui, moet aan die toepaslike e-posadres uit die volgende e-posadresse gestuur word:
  - Stellenbosch-kampus suifinance@sun.ac.za
  - Tygerberg-kampus mdamon@sun.ac.za
  - Stellenbosch Besigheidskool csa@usb.ac.za

## 8.6 Algemene kommentaar

- Gelde- en betalingsvereistes wissel vir internasionale studente, met 'n onderskeid tussen internasionale studente uit die SAOG-streek (en Rwanda), internasionale studente uit Afrika buite die SAOG en internasionale studente uit die res van die wêreld.
- Jy sal nie toegelaat word om te registreer indien die minimum verpligte aanvangsbedrag (sien tabelle onder 8.1) nie voor registrasie ontvang is nie.
- 'n Maksimum omkeertyd van 14 werksdae word toegelaat vir die betaling om in die Universiteit Stellenbosch se bankrekening te weerspieël. Jy sal nie kan registreer of jou studentekaart vir akademiese dienste kan aktiveer indien die geld nie binne die omkeertyd in die Universiteit Stellenbosch se bankrekening weerspieël is nie, en 'n fooi vir laat betaling sal gehef word.
- Alle uitstaande gelde wat aan die Universiteit verskuldig is, moet ten volle TEEN 31 MEI 2023 betaal word vir eerstesemesterinskrywings, en TEEN 30 SEPTEMBER 2023 vir tweedesemesterinskrywings.
- Indien jou studentegelderekening nie teen die toepaslike datum vereffen word nie, sal jou studentegelderekening geblokkeer word, sal daar rente teen jou studentegelderekening gehef word, en sal geen akademiese uitslae beskikbaar gemaak word nie. Verder, in geval van uitstaande gelde, sal geen voortsettingsbrief vir studievisumdoeleindes uitgereik word nie.
- Aangesien jou studentegelderekening op jou akademiese lading en die akademiese dienste wat jy gebruik berus, is dit jou verantwoordelikheid om jou studentegelderekening gereeld deur die loop van die jaar na te gaan.

# 9. Studentegelde-almanak 2023

| Januarie | |
|---|---|
| 7 | Betaling van verpligte eerste paaiement van inwoningsgeld (indien van toepassing) op datum van registrasie vir die betrokke groep studente (Tygerberg-kampus) ten einde studentekaarte te laat aktiveer en renteheffing te vermy |
| 14 | Laaste dag vir skriftelike aansoek om hertoelating, behalwe in die fakulteite Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese, en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, wat vroeër sperdatums het, en vir betaling van hertoelatingsfooi (moet hertoelatingsaansoek vergesel) |
| 28 | Laaste dag (een week nadat die NSS-uitslae op 21 JANUARIE 2023 beskikbaar gestel is) vir voornemende studente om inwoning vir die betrokke jaar te kanselleer sonder om die volle aanvaardingsbedrag te verbeur (kyk ook by afdeling 7) |
| 15-31 | Betaling van verpligte eerste paaiement van inwoningsgeld (indien van toepassing) op datum van registrasie vir die betrokke groep studente ten einde studentekaarte te laat aktiveer en renteheffing te vermy |

| Februarie | |
|---|---|
| 9 | Laaste dag vir indiening van ingevulde debietorder-aansoekvorm by Afdeling Studentegelde; laat aansoeke word wel oorweeg, onderhewig aan voorafbetaling |
| 24 | Laaste dag vir registrasie van *nuwe* studente in gestruktureerde M-programme (vroeër registrasiedatums geld vir sommige gestruktureerde M-programme – bevestig met jou programkoördineerder), en vir *terugkerende* M- en D-studente |
| 24 | Eerste maandelikse versending van studentegelderekening per e-pos |
| 28 | Betaling van eerste 20% van studentegelderekening |

| Maart | |
|---|---|
| 26 | Laaste dag vir registrasie *nuwe* M (tesis)- en D-studente ten einde studentekaarte te laat aktiveer en renteheffing te vermy |
| 31 | Laaste dag vir indiening van ingevulde aansoekvorm om op grond van volle betaling van die jaar se studiegeld vir onderriggeldkorting van 3% in aanmerking te kom (kyk by afdeling 5)<br>Laaste datum vir staking van studies om moontlik vir volle of gedeeltelike terugbetaling van studiegeld ná staking in aanmerking te kom (kyk by afdeling 7)<br>Betaling van tweede 20% van studentegelderekening |

| April | |
|---|---|
| 5 | Laaste dag vir vaslegging van nagraadse studente se submodules deur departementele verteenwoordigers ten einde volledige studentegelderekeninge te genereer |
| 30 | Betaling van derde 20% van studentegelderekening |

| Mei | |
|---|---|
| 20 | Laaste dag vir indiening van aansoeke om hertoelating deur studente met die oog op die tweede semester van 2023, en vir betaling van die hertoelatingsfooi (moet hertoelatingsaansoek vergesel). |
| 31 | Betaling van vierde 20% van studentegelderekening |

| Julie | |
|---|---|
| 12 | Laaste dag vir indiening van aansoeke om toelating met die oog op die tweede semester van 2022, buiten hertoelatingsaansoeke (wat reeds op 15 Mei gesluit het) |
| 30 | Laaste datum vir staking van studies om vir gedeeltelike terugbetaling van studiegeld van *jaarmodules* in aanmerking te kom ná staking (kyk by afdeling 7) |
| 31 | Betaling van 5% van oorblywende studentegelderekening |

| Augustus | |
|---|---|
| 2 | Laaste dag vir registrasie vir die tweede semester |
| 11 | Laaste dag vir wysiging van ete-, was-, druk-, en internetkwotas (lg. nadat die limiet bereik is) op studentegelderekeninge; NÁ 11 AUGUSTUS kan die deposito slegs met 'n kontantinbetaling by die kassiere, of deur gebruik te maak van die SnapScan-toepassing vir voorafbetaling, of met 'n aanlyn betaling (by die studenteportaal, http://my.sun.ac.za) aangevul word.<br>Laaste datum vir staking van studies vir tweedesemesterregistrante om vir volle of gedeeltelike terugbetaling van studiegeld ná staking in aanmerking te kom (kyk afdeling 7)<br>Laaste datum vir heffings op studentegelderekeninge |
| 31 | Betaling van 5% van oorblywende studentegelderekening |

| September | |
|---|---|
| 14 | Laaste datum waarop fakulteite studentegeldvorms moet terugbesorg wat onderriggeld en ander studieverwante addisionele gelde (module- en programkostes) vir die volgende jaar aandui, tensy 'n ander reëling gekommunikeer is |
| 27 | LAASTE DAG VIR BETALING VAN VERSKULDIGDE BALANS VAN STUDIE-, INWONINGS- EN ANDER GELDE T.O.V. 2023 |

| November | |
|---|---|
| 30 | Laaste dag vir finale betaling van studentegelderekening deur studente wat in Desember wil gradueer |

| Desember | |
|---|---|
| 9 | Keerdatum vir personeellede om via Sun-e-HR aansoek te doen om personeelkorting waarvoor hulle in aanmerking kom t.o.v. hulleself, hulle gade of kind |